

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA GRAAN SA	DATUM		DATUM		+ - LAST WEEK		BY DIE GELD PLOT OPSIE				
	2019/04/26		2019/04/25		2019/04/18						
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Data	JUL '19 TERMYNPRYS	WM	YM		
DJIA-index	26597	-0.05	0.00%	26597	0.6%	26450	PUT TREFFPRYS	R 2 591.00	R 2 516.00		
Goud (Spot)	1280.17	3.97	0.3%	1276.2	0.7%	1271.66	PUT PREMIE	R 102.36	R 78.73		
Brent \$/vat	74.22	0.48	0.7%	73.74	3.6%	71.62	MIN SAFEX PRYS	R 2 497.64	R 2 441.27		
1 € / US\$	1.1136	0.00	0.18%	1.1156	0.0%	1.1138					
1 US\$ / ZAR	14.37	-0.150	-1.0%	14.52	2.9%	13.97					
Corn	R 1 965.30	-7	-0.3%	R 1 972.10			*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day				
Wheat	R 2 294.72	-3	-0.1%	R 2 297.33			*CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4 536.64	-39	-0.8%	R 4 575.46			*CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.		MIELIE UITVOERE		
Corn May 19	347.40	2.40	0.7%	345.00	Pariteitspryse gelewer in		48	WM	YM	TM	
Wheat May 19	434.60	4.00	0.9%	430.60	Randfontein. Koring DBN invoer		WEEK TOTAAL	9 805	5 028	14 833	
Soybeans May 19	859.20	1.60	0.2%	857.60	pariteit ipv uitvoer pariteit		JTD TOTAAL	527 856.00	1 509 342	2 037 198	
PLAASLIKE MARKINLIGTING							Invoerpariteit		UITVOERBAAR		
SORGHUM Mar '19	3568.00	0.00	0.0%	3568.00	3728.00	2100.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	40.60%	72%	60%	
WMAZ Spot	2539.00	-54.00	-2.1%	2593.00	4096.00	2370.00	TEMPO/WEEK BENODIG	193 036	147 665	340 701	
WMAZ Jun 19	2584.00	-63.00	-2.4%	2647.00	3529.00	2129.00					
WMAZ Jul 19	2591.00	-55.00	-2.1%	2646.00	3584.00	2182.00					
YMAZ Spot	2491.00	-45.00	-1.8%	2536.00	3529.00	2129.00					
YMAZ Jun 19	2510.00	-51.00	-2.0%	2561.00	3529.00	2129.00					
YMAZ Jul 19	2516.00	-32.00	-1.3%	2548.00	3584.00	2182.00					
SOY spot	4739.00	18.00	0.4%	4721.00	6222.00	4486.00					
SOY Jul 19	4831.00	13.00	0.3%	4818.00	6485.00	4475.00					
SUN Spot	5010.00	2.00	0.0%	5008.00	6343.00	4855.00					
SUN Jul 19	5127.00	-3.00	-0.1%	5130.00	6343.00	4855.00	WEEK TOTAAL	764	-	28 795	
WHEAT Spot	4640.00	65.00	1.4%	4575.00	4646.00	4326.00	JTD TOTAAL	461 724	1 145 540	917 219	
WHEAT Jul 19	4685.00	42.00	0.9%	4643.00	4718.00	4398.00	TOTAAL BENODIG	1 520 000	2 173 234	1 727 637	
WHEAT Sep 19	4545.00	35.00	0.8%	4510.00	4676.00	4356.00	ITD AS % VAN BENODIG	30%	53%	53%	
KORING INVOERE											
							2018/19	2017/18	5 Jr. GEM		
							WEEK TOTAAL	764	-	28 795	
							JTD TOTAAL	461 724	1 145 540	917 219	
							TOTAAL BENODIG	1 520 000	2 173 234	1 727 637	
							ITD AS % VAN BENODIG	30%	53%	53%	
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE											
<p>Mark Oorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.37/\$ en het 15 sent versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die rand was die afgelope week weer skerp onder druk gekom en kan grootliks toegeskryf word aan 'n mengsel van internasionale en plaaslike faktore. Internasionaal het die dollar versterk teenoor die vernaamste geldeenheede en dit het druk op die rand geplaas. In die plaaslike konteks het faktore soos die staatswaarborg wat aan Eskom toegestaan is weer druk op die plaaslike geldeenheid geplaas. Die wanbestuur by die staatsbeheerde instellings is een van die grootste aspekte wat reeds die afgelope paar jaar druk op die plaaslike ekonomie en dus geldeenheid plaas. Statistiek SA het gister die produksente prysindeks vir Maart bekend gemaak en die jaar op jaar toename was 6.2%. Dit was hoër as die algemene verwagtinge dat die PPI ongeveer 5.5% behoort te wees.</p> <p>Mielies: Die Amerikaanse meliemark het gister ondersteuning gevind, maar het slegs marginaal hoër gesluit vir die dag in beide die Mei en die Julie termynkontrakte. In gister se weeklikse uitvoerverkope verslag was die Amerikaanse meliemark hoër as die vorige week se weeklikse uitvoere, maar laer as wat die algemene handelsverwagtinge in die mark was. Die uitvoerverskepings vir die week was op 1.016 miljoen ton gerapporteer. Meksiko is die grootste invoer bestemming van Amerikaanse mielies en het vir die 2018/19 seisoen tot dusver ongeveer 32% van die totale Amerikaanse uitvoere ontvang. Plaaslik: Die plaaslike meliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit en geelmelies. Die NOK het gister die 3de produksie skatting vir die seisoen bekend gemaak en daarvolgens die behoort die witmelie produksie vir die seisoen 5.286 miljoen ton te wees en die geelmelie produksie vir die seisoen 5.368 miljoen ton. Die totale produksie skatting vir die seisoen is 0.9% opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting wat einde Maart gedoen was.</p> <p>Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag nadat die mark winskoopvlakke bereik het. Beide die Mei en Julie termynkontrakte het sterker gesluit vir die dag. In die weeklikse uitvoerverkope verslag wat gister bekend gemaak was, het die USDA aangekondig dat die totale uitvoerverkope vir die week ongeveer 618 000 ton was. Dit sluit beide ou en nuwe seisoen verkope in. Die weeklikse uitvoerverkope was hoër as die vorige week se uitvoerverkope en ook hoër as wat die algemene handelsverwagtinge vir die week was. Die uitvoerverskepings vir die week was op 960 724 ton gerapporteer. China was die grootste ontvanger van Amerikaanse sojabone vir die week. In ander internasionale nuus word gerapporteer dat China gedurende Maart ongeveer 2.78 miljoen ton se sojabone gedurende Maart vanaf Brasilië ingevoer het. Dit was 57% van die totale invoere gedurende Maart. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se 3de produksie skatting van sojabone is die produksie verwagting vir die seisoen 1.55% opwaarts aangepas vanaf die vorige maand se skatting. Die sojaboon produksie vir die seisoen word nou op 1.295 miljoen ton geskat.</p> <p>Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel en daar was nie 'n duidelike tendens in die mark nie. Beide die harde r ooi winter en lentekoring markte het gister sterker verhandel vir die dag terwyl die sagte rooi winterkoring mark onder druk gekom het en laer gesluit het vir die dag. In die weeklikse uitvoerverkopeverslag is gerapporteer dat die weeklikse uitvoerverkope ongeveer 650 000 ton was. Dit sluit beide ou en nuwe seisoen verkope in. Die weeklikse uitvoerverkope was hoër as verledede week se uitvoerverkope en ook meer as die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week. Die uitvoerverskepings vir die week was op 438 000 ton gerapporteer met Meksiko as die grootste ontvanger van Amerikaanse koring. Die internasionale Graanraad het hul wêreld koring produksie skatting vir die seisoen effens opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting. Plaaslik: Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wattans gelys is. Die NOK het gister die voorneme om te plant vir die seisoen bekend gemaak en dit word op 513 450 hektaar geskat. Dit is 10 100 hektaar meer as die vorige seisoen se aanplantings.</p>											
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za</p> <p>Opgestel deur Luan van der Walt, Ikageng Maluleke en Ruan Schutte / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek</p>											

